lenteliedjie

Marlene van Niekerk

die poppiesnôi staan geel vanjaar
op kleinwinterhoek se piek
die boegoeveld is uitgespaar
al sagter klink die waterkriek
heuningvoël se heuninghart
is van die geilte siek
en jou het ek meer liefgekry
as wat ek kan verdra
want winter is 'n skrale lied
en lente is 'n geil verdriet
wat ek nie kan verdra o
die keurtjiebos groei pers vanjaar
op grootwinterhoek se piek
jangroentjie hik innie kiesieblaar
van salietuite mankoliek
al sagter snuit die winterwind
dis boegoewyn vir lentegriep
en jou het ek meer liefgekry
as wat ek kan verdra
want winter is 'n skrale lied
skraler as 'n sneeuriet
en lente is 'n geil verdriet
geil soos 'n ramnassiespriet
te geil om te verdra

H&R Vers&Vrou-TeksFIN-2403.indb 79 24/03/2020 10:29:07 AM